



EDDIES SKOOLKOERANT

2023

2DE UITGAWE

EDDIES NUUS

Gr.12's skitter by hulle
matriekafskeid




SCHÖN
PHOTOGRAPHY









Eddies se leiers vir 2024



HOOFLEIERS 2024



Hoofseun: Luan Venter (links)

Onderhoofseun: Lourens Coetzer (regs)



Hoofmeisie: Denel Koen (links)

Onderhoofmeisie: Jancke van der Merwe (regs)



LEERLINGRAAD 2023/2024

Baie geluk aan ons nuutverkose leerlingraad vir 2023/2024!!

- ❖ Mia Barnard
- ❖ Denel Koen
- ❖ Miecke Pretorius
- ❖ Leani van den Heever
- ❖ Jancke van der Merwe
- ❖ Lourens Coetzer
- ❖ Johano de Klerk
- ❖ Christiaan Erasmus
- ❖ Darius Louw
- ❖ Henré Mills
- ❖ Niekie Prinsloo
- ❖ Luan Venter

Julle het 'n belangrike taak op hande, maar ons is vol vertroue dat julle juisself goed van julle taak sal kwytt!!

A leader is one who knows the way, goes the way, and shows the way.

~ John C. Maxwell



PORTEFEULJES 2023/2024

Baie geluk aan elkeen van ons Gr11-leerders wat verkies is tot verskillende portefeuljes waarop hulle die skool gaan dien!!



HOOFKLASLEIERS

Johannes Meiring &
Meaghan Philpott



FLUITJIEBLASER

Armand Beugger



TEGNIESE SPAN

Tiaan de Jager
Dehan de Jongh
Jonathan Kumm
Antonie Prinsloo (Hoof)

SPORTKOMITEE

Cavan Alkema
Danica Ferreira
Zandrie Jacobs
Ahren Matysik
Johannes Meiring
Marlien Prinsloo
Bernard Rademeyer



KULTURKOMITEE

Christopher Barnard
Megan Baumgart
Armand Beugger
Lienke Brazendale
Tristan Buitendag
Anja Engelbrecht
Dedré Nel
Krayven Stoltz



SOSIALE KOMITEE

Divan Craill
Natania de Jager
Juné Erasmus
Tiaan Fourie
Luané Lombard
Stefan Muller
Meaghan Philpott



Leierskamp

3 Dae Vol Pret!

Die 12 nuwe leiers van 2023/2024 is die week na hulle aangekondig is weg op 'n kamp. Daar was geswem, gebraai, skattejag gehou en ons het op safari-ritte gegaan. Nie net dit nie, maar die nuwe gr. 11 leier-groepie was die groep wat Juffrou Aileen in die swembad gegooi het. Die kamp was vol pret en grappies. Ons het baie geleer en baie van **mekaar** geleer.

~ Leani vd Heever





Gr8's entrepreneursdag

Baie opgewonde het ek die dag by die skool aangekom. My heel eerste entrepreneursdag by die skool.

Ek en Mieke het saamgewerk. Die dag se weer het omtrent ons twee gesnoeker. Die fudge wat ons verkoop het, was 'n wenner gewees. Die melkskommels het nie eintlik verkoop nie, want dit was 'n koue dag gewees.

In die geheel was die dag 'n baie groot sukses. 'n Groot verskeidenheid produkte is verkoop.

Baie dankie aan al die leerders en personeel wat die graad 8's ondersteun het.

~ Deon Prinsloo







Gr10's entrepreneursdag



Die dag het uiteindelik aangebreek!

Die Gr10's se entrepreneursdag het die skool se lug met allerhande

lekkernye en reuke gevul. Die


produkte het soos soetkoek

verkoop! Dit was 'n reuse sukses!

Ek kan nie wag om te sien wat

volgende jaar vir ons in hou nie.

~ Mila Kriek





Nog 'n fantastiese entrepreneursdag verby. Lekker kos en hope lekkergoed was vir die graad 10's van die jaar 'n groot aanwys gewees. Van kolwyntjies na Nachos. Kinders het geëet tot hulle nie meer kon nie. Die rustige dag was gelei deur 'n gelag, gejuig en vrolike musiek. Nie eers die juffrouens kon wegbly nie. Wie kan die lekker dag vergeet! Kom ons maak entrepreneursdag een keer 'n week!

~ Bianca Kruger



Saalopening



NUWE LIG OP SKOOL SE SAALOPENINGE

Die afgelope jaar by ons skool het getuig van opwindende veranderinge, en een van die opvallendste was die opening Maandae oggende, wat heeltemal deur een van ons leerders, Christiaan Erasmus, en onderwyseres, Manty Beukes, hervorm is. Dominee Johan het elke keer n wonderlike boodskap gebring wat kos vir ons siele was.

Christiaan het voor die hele skool die opening se skyfie - vertoning en musiek aangebied, wat 'n reuse-impak gehad het.

Juffrou Manty Beukes het die afgelope jaar agter die skerms gewerk en het alle inligting in die agtergrond bestuur. Sy het die datums van ons leerders se verjaardae en al die inligting oor die aktiwiteite van die skool versamel. Sonder haar toewyding en harde werk sou die openinge beslis nie so vlot en suksesvol verloop het nie.

~Dominee Johan



Gr8's
Gasvryheid



Gr.10's verbruikers

Gr10.PAT skons, plaatkoekies en pannenkoek 🤪



Gr.11's verbruikers

Gr11 PAT: roompoffers met vla, Rolkoek met vla, melkertjies en suurllemoenmeringue tertjies.





Gr.12 s verbruikers





robotika





Robotika by Waterkloof Hoërskool is nie jou ouma se hekel-klas nie. Hier word toekomstige Elon Musks en Ada Lovelaces gemaak en jy hoef nie eers 'n leerling van Waterkloof te wees nie. Die klasse is oop vir almal as ekstra aktiwiteit.

Die “Coding” wat ons gebruik is EV3 classroom vir die lego liefhebbers, Python vir die slangtemmers (Ha-Ha), Thonny vir die nuuskieriges en Java vir die koffie”lovers”.

Ja, ons programmeer in al hierdie tale, en nee, ons praat nie van 'n Europese vakansie nie.

Ons het onlangs 'n nuwe speletjie, rangers getoets. Dit is 'n “coding” speletjie wat jou leer om probleme op te los sonder om jou hare uit jou kop te trek. So as jy lus is vir 'n bietjie meer as net selfies en tiktoks, kom programmeer jou toekoms saam met ons.

~ Lee Binneman



Ons wil uit ons hart uit baie dankie sê aan Fatman en Die Hennas vir die manier waarop julle ons aand spesiaal gemaak het.

Fatman het ons skool 2 jaar in 'n ry geseën met 'n ongelooflike show en hierdie jaar was dit geopen deur een van ons talentvolle oud skoliere - Die Hennas (a.k.a Hendro du Plessis) wat eersdaags op die televisie program 'Die Kontrak' te sien gaan wees.

Baie dankie dat julle, julle talente gebruik het en ons met entoesiasme vermaak het!!

~ Juffrou Hanlie




Forodsinsameling





Welkom
by
Eddies



Lentedag



Eddies presteer

Ewald skiet 'n gouemedalje los in Namibië

Ewald Ulbrich (Gr10) het gedurende die winter-vakansie deelgeneem aan die Afrikastreeksveldboogskiet - kampioenskappe in Namibië.

Ewald het saam met sy ma, Christelle gekwalifiseer om aan hierdie Internasionale kompetisie deel te neem.

Ten spyte van oggend-temperature onder vriespunt (-6°C), sterk rukwinde, skape wat voor teikens staan, skroeiende middag-temperature, 'n moeilike en tegniese baan, het Ewald en sy ma besonder goed gevaar.

Ewald het 'n goue medalje losgeskiet tydens sy deelname gedurende hierdie 3 dae. Hy het vir die eerste keer ooit volpunte verower!

Ewald se moeder spog ook met 'n silwer medalje!

Span Suid Afrika het onderskeidelik 15 goue medaljes, 8 silwer medaljes en 4 brons medaljes vir individuele deelname in die kompetisie ontvang. Daar is ook 2 goue medaljes en 1 silwer verower vir die lede wat in spanne deelgeneem het.

Ewald, ons is ongelooflik trots op jou en jou mamma. Julle het besonderse prestasies behaal!!

Ewald Ulbrich





Regardt Booyzen

Regardt Booyzen (Gr10) het deelgeneem aan die Gauteng-Noord kampioenskappe in Gimnastiek. Hy verower 6 x goud en 1 x silwer medalje en eindig algeheel 1ste.

Regardt behaal dus sy Gauteng-Noord kleure en gaan Gauteng-Noord verteenwoordig by die Gauteng kampioenskappe.

Ons is baie trots op jou Regardt en ons hou jou met afwagting dop!!



Christiaan Preddy (Gr10) is verkies tot die o/18 span wat Gauteng Noord gaan verteenwoordig by die Inter-Distrikte byeenkoms in Bloemfontein 23-27 Maart 2024.

Trots op jou Christiaan!

Christiaan Preddy

Leani vd Heever



Leani van den Heever (Gr11) het tydens die Legends of Arts Suid-Afrikaanse kampioenskappe 'n 2de plek vir creative writing en 3de vir fotogenies ontvang!!

Baie geluk Leani, ons is ongelooflik trots op jou!!



Leani ontvang 'n silwer toekenning (76-84%) by Pronk Toneel vir haar rol as verhoog bestuurder. Haar heel eerste keer agter die skerms!

Jy woeker met jou talente Leani!!



Op 16 Julie het Leani van den Heever (Gr11) 'n 3de
plek behaal met 92% vir haar mimiek by die
Legends of Arts Suid-Afrikaanse
kampioenskappe!!!
Ons is trots op jou Leani!!




Leani van den Heever (Gr11)
het op 15 Julie 'n 5de plek
behaal in die Top 5 Redenaars
by die Legends of Arts Suid-
Afrikaanse kampioenskappe
met 88.2%!!
Welgedaan Leani!!


Stefanie Wegelin (Gr10) se
dansgroep, *Thriller*, het silver
behaal by die *SA Dance
School Championships*
Ons is trots op jou Stefanie!!



Stefanie Wegelin



Lienka Smit



Lienka Smit (Gr10) se dansgroep het uitstekend gevaar by van jaar
se *SA Dance School Championships*. Haar groepe, *Circus* en *Just
Dance*, ontvang hoë goud en 'n spesiale toekenning vir *Hip Hop* en
Jazz onderskeidelik.

Baie geluk aan Mieke Pelser (Gr8) wat goud gewen in Gimnastiek vir die algehele dogters 0/14 vlak 4 afdeling by hulle klubkompetisie in Centurion.

Sy ontvang ook 2 silwer en 1 goud by die Waterberg kompetisie vir Gimnastiek. Sy word genooi om deel te neem aan Gauteng-Noord en SA Gimnastiek kompetisie.

Ons is trots op jou Mieke!!

Mieke Pelser



Mynhardt van der Watt (Gr10) behaal NTS Level 2 in swem.

Baie geluk Mynhardt!





Die Presidentsverkenner toekenning is 'n vrywillige en deurlopende proses wat oor die hele Verkennerloopbaan strek en afsluit met die Presidentsverkenner Afrondingskamp waarna die toekenning verwerf word.

Maarten Heikens (Gr12) het die Hoofleierswagtoekenning behaal.

Die Hoofleierswagtoekenning word verwerf wanneer die kandidaat voldoen het aan al die vereistes van die Presidentsverkenner toekenning en die PV- teoretiese vraestel geslaag het.

Die doel van die Verkennerloopbaan is die ontwikkeling van gebalanseerde jongmense wat hulleself binne hulle eie unieke potensiaal kan handhaaf.

Baie geluk met jou toekenning, Maarten!



Eddies ondersteun die *Bokke*







Uitreikprojek #ELEOS



Duo Edu- die kleiner skool
met die groter hart...

Julle is Ligdraers! BAIE
DANKIE vir die strome seën
vanuit elke leerder, ouer en
onderwyser se hart en hand!
Julle maak 'n reuse verskil!
Mag julle geseënd wees! 🙏





Patricks Fotiens



Eddies sê totsiens



Juffrou Anja




Juffrou Kimberley

Redaksiespan 2023

Duo Edu Senior Onafhanklike Skool - 2023



Redaksie



Liewe Ouer,

Ek kyk met dankbaarheid terug na nog
‘n suksesvolle jaar by Duo Edu. Dit was
beslis nie ‘n jaar sonder uitdagings nie,
maar die Here was vir ons goed!

En daarom sê ek vir jou as ouer ook
dankie! Dankie dat jy altyd so positief
reageer op elke versoek wat ons aan jou
rig. Sonder jou insette is niks hiervan
moontlik nie.

*“Mag jy in hierdie Feesseisoen besef dat
God se planne vir jou soveel groter is as jou
drome vir jouself.” – Tracey Lange*

Mag ons weer in die nuwe jaar hande vat
en saam nuwe hoogtes bereik.